

AANKOMS IN SUID-AFRIKA

Doeane-vereistes vir reisigers

Suid-Afrika het onlangs veranderinge aangebring aan die wyse waarop reisigers geprosesseer word. Een van die grootste veranderinge is die inwerkingstelling van 'n reisigerskaart (ook bekend as die [TC-01-vorm](#)), wat voltooi moet word deur diegene wat in Suid-Afrika arriveer en iets het om aan Doeane te verklaar. Om 'n vinnige oorsig te besigtig van die proses en vereistes by die landsgrense, [klik hier](#) en vir lughawes en seehawes, [klik hier](#).

Indien jy meer besonderhede wil hê oor die aankomsproses en die verskeie beperkings, [klik hier](#) om die *Traveller's Guide* te lees.

Rooi of groen kanaal?

Na aankoms in Suid-Afrika, moet jy die reisigerskaart voltooi. Nadat jy by Immigrasie aangemeld het, haal jou bagasie af en gaan dan voort na Doeane se rooi of groen kanaal (of na die Doeane-toonbank indien daar geen rooi of groen kanaal is nie).

Die volgende Doeane-kanale moet gevolg word, afhangende van jou omstandighede:

Indien jy enige verbode/beperkte goedere in jou besit het en/of goedere wat buite jou belastingvrye vergunning val, of indien jy onseker is of enige van die goedere in jou besit binne hierdie kategorieë val, volg asseblief die rooi kanaal.

Indien jy goedere/kontant het om te verklaar, word jou reisigerskaart en paspoort geskandeer en jy maak 'n mondelingse verklaring wat op die stelsel vasgelê word deur 'n doeane-beampte/die reisiger moet die reisigerskaart (TC-01) voltooi. Hierdie inligting vorm die basis van 'n reisigersverklaringsvorm (TRD1). Die TRD1 sal ook as 'n tydelike invoerpermit (TIP) en 'n tydelike uitvoerpermit (TXP) gebruik word. Vir meer inligting, verwys na die [eksterne beleid oor oorskotgeldeenheid](#).

Indien die reisiger tevrede is met die inligting op die TRD1, word hy/sy gevra om te teken op 'n elektroniese handtekeningstrook en word sy/haar se handtekening op die stelsel gestoor. Die ondertekende TRD1 word dan gedruk en aan die reisiger gegee.

Indien die goedere in jou besit binne die toegelate belastingvrye perk val, jy geen verbode of beperkte goedere in jou besit het nie, jy nie in besit van enige kommersiële goedere (ingevoer vir handelsdoeleindes) is nie en jy nie in besit van geskenke is wat namens ander gedra word nie, volg asseblief die groen kanaal, tensy jy anders aangesê word deur 'n doeane-beampte.

Jy kan deur 'n doeane-beampte gestop, ondervra of deursoek word ter enige tyd in die rooi of groen kanaal.

Verbode goedere

Die invoer van die volgende goedere na Suid-Afrika is streng verbode:

- Narkotiese en gewoonte-vormende dwelmmiddels in enige vorm
- Volle outomatiese, militêre en ongenommerde wapens
- Plofstowwe en vuurwerke
- Gifstowwe en ander giftige middels
- Sigarette met 'n massa van meer as 2kg per 1000
- Goedere waarvan 'n handelsbeskrywing of handelsmerk toegepas is in oortreding van enige wet (byvoorbeeld, nagmaakte goedere)
- Onwettige herproduserings van enige werke wat aan kopiereg onderhewig is
- Goedere wat in gevangenisstraf/rehabilitasie gemaak is

Beperkte goedere

Bepaalde goedere mag slegs ingevoer word indien jy in besit van die vereiste gesag/permit is. Voorbeelde sluit in:

- Vuurwapens/wapens
- Goue muntstukke

- Oorskot geldeenheid (kontant, banknote, ens.)
- Ongeprosesseerde minerale (soos goud, diamante, ens.)
- Diere, plante en hul produkte (bv. dierevelle, melkprodukte, heuning)
- Medikasie (uitsluitend genoegsame hoeveelheid vir drie maande vir eie persoonlike behandeling, vergesel deur 'n brief of gesertifiseerde voorskrif van 'n geregistreerde mediese praktisyn)
- Kruietprodukte (permit van die Departement van Gesondheid vereis)

Belastingvrye perke

Goedere wat binne die volgende perke val, mag ingebring word as vergeselde bagasie sonder die betaling van doeane-heffings en BTW:

- Nie meer as 200 sigarette en 20 sigare per persoon nie
- Nie meer as 250g sigaret- of pytabak per persoon nie
- Nie meer as 50ml parfuim en 250ml eau de toilette per persoon nie
- Nie meer as 2 liter wyn per persoon nie
- Nie meer as 1 liter in totaal van ander alkoholiese drankies per persoon nie

Bykomend tot persoonlike besittings en die bogenoemde verbruikersvergunning, word reisigers nuwe of gebruikte goedere tot die waarde van R5 000 as vergeselde bagasie toegelaat.

'n Reisiger is geregtig op hierdie vergunning, slegs een keer per persoon gedurende 'n tydperk van 30 dae na 'n afwesigheid van 48 uur uit Suid-Afrika.

Die vergunning op tabak en alkohol is nie van toepassing op persone onder die ouderdom van 18 jaar nie. Bemanningslede is nie geregtig op enige van die verbruikersvergunninge nie.

Kan ek persoonlike medikasie bring ingevolge die belastingvrye vergunning?

Reisigers mag hul persoonlike medikasie invoer, mits dit vir nie meer as drie (3) maande se gebruik is nie. Die moet vergesel wees deur 'n voorskrif wat deur 'n mediese dokter uitgereik is.

Handgemaakte artikels vir kommersiële doeleindes

Reisigers van Suider Afrika Doeane Unie (SACU) of die Suider Afrika Ontwikkelingsgemeenskap (SADC) se Iedestate word toegelaat om handgemaakte artikels van leer, hout, plastiek of glas die land in te bring, mits die goedere nie 25 kg in totaal oorskry nie, sonder om heffings en belasting te betaal.

Vaste koers aanslag

Bo en behalwe die belastingvrye vergunning, kan jy kies om die doeaneheffing te betaal teen 'n vaste koers van 20% op goedere wat jy oorsee of in enige belastingvrye winkel aangekoop het.

Die totale waarde van hierdie addisionele goedere, nuut of gebruik, mag nie R20 000 per persoon of R2 000 per bemanningslid oorskry nie. Vaste koers goedere is ook vrygestel van BTW.

Sou die waarde van die sodanige addisionele goedere R20 000 oorskry of sou jy besluit om nie van hierdie fasiliteit gebruik te maak nie, val die vaste koers aanslag weg en moet die toepaslike BTW- en heffingskoerse aangeslaan en betaal word op elke individuele item. Dit moet ingedagte gehou word dat, in bepaalde gevalle, goedere onderhewig kan wees aan doeane-regte in oorskot van 20%; ander kan onderhewig wees aan laer koerse, terwyl sommige goedere heffingvry kan wees. Bykomend hiertoe, sal 15% belasting op toegevoegde waarde betaalbaar wees op goedere aangeslaan deur tarief.

Daar moet egter kennis geneem word dat die toepassing van hierdie bepaling onderhewig is aan die totale waarde van goedere verklaar ingevolge die hele kortingsitem wat nie R25 000 oorskry nie. Met ander woorde, alle verbruiksartikels, die belastingvrye vergunning van R5 000 en die items wat aangeslaan moet word teen die vaste koers, moet nie R25 000 in waarde oorskry nie.

Die vaste koers vergunning sal 'n onbepaalde aantal kere toegestaan word gedurende die 30 dae-siklus na die afwesigheid van 48 uur of meer uit die land, solank die goedere nie R20 000 oorskry nie.

Geldeenheid

Geldeenheid wat Suid-Afrika verlaat of binne gebring word, word deur wetgewing gereuleer. Indien jy Suid-Afrikaanse geldeenheid, wat R25 000 oorskry, of enige buitelandse geldeenheid in jou besit het, moet dit verklaar word.

Betalings

Doeaneheffings en belasting is betaalbaar in Suid-Afrikaanse Rand. Betaling kan in kontant, per kredietkaart of by wyse van reisigerstjeks gemaak word.

Indien jy enige vrae het of twyfel oor die bedrag heffing/belasting betaal of betaalbaar, of enige ander aangeleentheid rakende jou handelinge met 'n doeane-beampte, moet jy die aangeleentheid aanspreek deur die senior doeane-beampte aan diens. Die kwitansie wat jy van Doeane ontvang het, moet aan die beampte gegee word wat jou navraag hanteer.

Tydelik invoere

Neem asseblief kennis dat jy vereis mag wees om 'n kontantdeposito te maak om die potensiële heffing/belasting te dek op duursame artikels, indien jy dit op tydelike basis inbring. Die deposito sal terugbetaal word wanneer jy die land verlaat, nadat 'n doeane-beampte fisies die items ondersoek het, en geverifieer het dat die goedere wel heruitgevoer word. Besoekers moet die doeane-kantoor, waar die deposito betaal is, minstens twee dae voor hul die land verlaat in kennis stel, om te verseker dat die terugbetaling gereed is. Jy sal die kantoor nommer op die dokumente vind wat aan jou gegee is toe die deposito betaal is.

Indien jy die land verlaat vanaf 'n ander hawe/grenspas as waar die deposito betaal is, sal die inspeksieverslag wat die heruitvoer van die items bevestig, na die kantoor aangestuur word waar die deposito betaal was en 'n tjek sal gepos word na die adres deur jou verskaf.

Media/sportpersone

Indien jy 'n joernalis of sportpersoon is en goedere die land binnebring, soos fotografiese of sporttoerusting, moet jy dit in die rooi doeane kanaal verklaar na jou aankoms in Suid-Afrika.

Alhoewel, indien die goedere nie saam met jou kom nie, maar op 'n latere tydstop na jou in die land gestuur sal word (onvergeselde bagasie), moet dit geklaar word ingevolge kortingsitem 480.15 of deur die ATA-karnetstelsel. [Lees die Cargo Guide vir meer inligting.](#)

Konferensie organiseerders

Indien jy goedere die land binnebring, spesifiek vir 'n konferensie, bv. pamflette, brosjures, baniere, ens., moet jy die volgende doen:

- Indien hierdie goedere deur jou vergesel word, moet jy dieselfde proses volg as gewone reisigers.
- Indien die goedere nie saam met jou kom nie, maar die land binnegestuur word op 'n latere tydstop (onvergeselde bagasie), moet jy dit op 'n [DA306-vorm](#) verklaar. Jy moet die vorm voltooi voordat jy die land binnekom en dit dan na jou naaste doeane-kantoor neem wanneer jy in Suid-Afrika arriveer. Dit is 'n vereenvoudigde klaringsproses vir goedere met geen kommersiële waarde nie, d.i. goedere wat nie in die land verkoop gaan word nie.